## 24 Augustus - OORTREDING

**Skrifgedeelte: Psalm 51**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:3, 19**

Koning Dawid het gedink niemand weet van sy sonde met Urija se vrou, Batseba, nie (2 Sam 11, 12).

Al dink ons niemand weet van ons sonde nie, raak dit wel ons verhouding met ander mense, met onsself en met God.

- Dawid se verhouding met die mense om hom is geraak toe hy sy spore probeer doodvee, en in die proses mense probeer manipuleer het en selfs moord gepleeg het.
- Sy verhouding met homself is geraak, want hy het bewus gebly van sy sonde (vs 5) en hy kon nie meer bly wees en jubel nie (vs 10).
- Sy verhouding met God is geraak, want vir ongeveer 'n jaar was hy bewus van sy sonde teenoor God en het hy gely, omdat hy gevoel het God verbrysel hom (vs 10).

Sonde laat mens alleen voel. Dit veroorsaak verwydering met mense en met God, want sonde is ten diepste 'n oortreding, opstand teen God. Daarom veroorsaak dit onvrede in jou lewe.

God het ons nie geskep om in onvrede met onsself, ons medemens en met Hom te leef nie. Hy wil hê ons moet in gemeenskap en vrede met Hom en ons naaste leef.

Dit is vir 'n sondaar moontlik om weer in vrede met God te leef. Die herstelpad begin met ootmoed en berou voor God.

God wil ons ons sondes vergewe. Daarom het Hy sy Seun gestuur om die volle verbryseling te dra wat ons in 'n mindere mate dra wanneer ons teen God oortree het. Wanneer ons opregte berou het, ons ons skuld erken en ons Here Jesus se skuldoffer aanvaar, kan ons weer in vrede met God, onsself en ons naaste leef.

Om stil te bly oor jou oortredinge, verleng jou innerlike lyding.

*Sing: Psalm 32:1, 3 (1936-beryming)* *Dr EJ de Beer (Laeveld)*